# Uitspraak skep dilemma vir skemas

TERTIUS MAREE
tertius@section.co.za



**DEELTITEL-FORUM**

Soos ek verlede week geskryf het, gaan ons vandag kyk na 'n belangrike hofsaak wat betrekking het op die KwaZulu-Natalse landgoed Mount Edgecombe.

Dit is die landgoed waar die twis oor die prokureur se St. Bernard-hond hom afgespeel het.

Hoewel Mount Edgecombe deur 'n huiseienaarsvereniging bestuur word, raak die hofsaak verskeie punte aan wat ook op deeltitelskemas betrekking het.

Die komplekse saak se hofverslag beslaan 100 bladsye. Daar is egter teen die uitspraak geappelleer en 'n volbank regters moes dit aanhoor.

**Die twis tussen die** Singh-familie en die Mount Edgecombe-landgoed het in die breë betrekking op:

- die geldigheid (al dan nie) van reëls waarvolgens boetes vir verkeersoortredings opgelê is;
- die wyse waarop die reg tot toegang tot die landgoed aan bande gelê was; én
- waarvolgens die beweging van private huishulp-personeel beheer was.

Die aspek wat ek egter vandag onder die aandag van eienaars, trustees en bestuursagente wil bring, is die kwessie rakende spoedbeperkings binne gemeenskapskemas.

In die Mount Edgecombe-ontwikkeling, soos op baie soortgelyke landgoedere, geld 'n spoedbeperking van 40 km/h.

Een van die huiseienaars op die landgoed, ene mnr. Singh, is deur die bestuursliggaam van die landgoed met boetes gestraf vir drie spoedoortredings wat sy dogter gemaak het. Hy het nie die boetes betaal nie en 'n aansoek by die hooggeregshof in Durban ingedien om die reëls rakende die boetes vir spoedoortredings ongeldig te verklaar.

**Sy aansoek het egter** nie geslaag nie. Die hooggeregshof het bevind dat hoewel die regulering van spoedoortredings deur wetgewing aan die departement van vervoer toegedeel word, die huiseienaarsvereniging geregtig bly om binne die grense van die landgoed hul eie reëls toe te pas.

> **“Hy het nie die boetes betaal nie en 'n aansoek by die hooggeregshof in Durban ingedien om die reëls rakende die boetes vir spoedoortredings ongeldig te verklaar.**

Dié siening stem ooreen met die kwessie verlede week oor die aanhou van honde, aangesien dit 'n aspek is wat ook deur munisipale regulasies gereguleer word.

Volgens regter Olsen se uitspraak was die landgoed se reëls nie teenstrydig met munisipale wetgewing nie, maar dit was bloot “superimposed on municipal law”, het hy gesê.

Die respondent (Mount Edgecombe) se argument was dat die reg om binne die grense van die landgoed die verkeer te beheer, gegrond is op die kontraktuele verbintenis van al die geregistreerde eienaars teenoor die vereniging. Dit is dus heeltemal in orde vir die vereniging om 'n stelsel parallel tot die wetgewing op te lê én af te dwing.

Die hof het hiermee saamgestem. Die boete is nogtans ongeldig verklaar omdat daar nie voldoende bewyse van die oortreding aan die hof voorgelê is nie.

Ten spyte daarvan dat mnr. Singh die boete kon vryspring, wou hy steeds die beginsel van spoedbeheer binne die landgoed beveg. Hy het toe na 'n volbank regters van die hooggeregshof in KwaZulu-Natal geappelleer.

**Albei partye tot die** geskil het aanvaar dat die paaie vir motors binne die oord “openbare paaie” is en aan die gesag van die Padvervoerwet onderhewig is.

Dié wet handel onder meer met kwessies soos padtekens en spoedbeperkings. Hiervolgens mag slegs die departement van vervoer voorskrifte vir verkeerstekens uitreik, maar dit mag ook 'n ander persoon of liggaam magtig om dit te doen.

Met verwysing na die betrokke geval, en spesifiek art. 57(6) van die Padvervoerwet, is die regter se woorde: “Such private bodies are obliged to seek the necessary permission from the MEC and/or the municipality concerned.” (MEC is die Engelse afkorting vir LUR – lid van die uitvoerende raad.)

Die eerste punt waarmee ek verskil, is dat art. 57(6) geen melding van munisipaliteite maak wat dié toestemming kan verleen nie. Só het verskeie skemas al aansoeke aan hul munisipaliteite om toestemming gerig – net om uit te vind dat munisipaliteite nie oor die nodige magte beskik nie.

**Met verwysing na** die uitspraak oor die St. Bernard-hond, kom die regter tot die slotsom dat dit van die kwessie oor spoedbeperkings verskil omdat die reël wat die aanhou van honde reguleer, geen publiekregtelike inhoud het nie.

Nou wil ek weet: Wat is die verskil tussen 'n munisipale regulasie en 'n landswet wat publiekregtelike inhoud betref?

Ek is bevrees albei uitsprake kan nie reg wees nie.

Óf die beslissing oor die hond is verkeerd óf die regter het 'n fout gemaak met die spoedoortredings.

As skemas soos Mount Edgecombe nie verkeersreëls mag oplê nie, word honderde soortgelyke skemas daardeur benadeel.

Hulle kan volgens die uitspraak by die departement van vervoer aansoek doen om padtekens aan te bring. Dit sou hulle nog nie die reg verleen om boetes op te lê nie. Dié uitspraak skep 'n onbevredigende situasie – inderdaad veel erger, aangesien ons Ombuddiens ook nou alle reëls, óók van deeltitelskemas, afkeur as dit ten doel het om spoedbeperkings op te lê.